**PASTORALE BERADINGSKURSUS**

***UNIEKE UITDAGINGS RAKENDE DIE GROOTMAAK VAN DOGTERS***

***PASTORALE PERSPEKTIEWE***

**Dinsdag 15 April 2025 - Zoom aanbieding**

**Prof Wentzel Coetzer**

Die grootmaak van ŉ dogter bied besondere uitdagings. In hierdie verband is dit veral belangrik dat die ouer op hoogte sal wees van die verskillende ontwikkelingsfases van die kind, die spesifieke funksionering van die vroulike brein, met veral ook die klem op die belangrike rol van faktore soos progesteroon, estrogeen. Onkunde rondom hierdie belangrike aspekte kan lei tot intense spanning en ook skade en verwonding aan verhoudings, veral tydens die fase van puberteit en adolessensie. Vir die pa is daar as man, selfs nog ŉ groter uitdaging om op hoogte van al hierdie aspekte te wees. Indien hy daarin kan slaag, sal dit hom bemagtig om ŉ sterk band met sy dogter te kan bou, en haar emosioneel en geestelik te kan toerus vir die toekoms, en vir ŉ gelukkige huwelik en ouerskap later in haar lewe. Waar die nodige toerusting en begeleiding ontbreek, het dit dikwels tot gevolg faktore soos vroeë swangerskap, substans verslawing, seksuele uitreageer gedrag, eetversteurings, angs, lae selfbeeld, depressie, selfdood pogings, ens.

In hierdie kursus word indiepte gefokus op al hierdie aspekte, tesame dan ook met ŉ groot aantal praktiese riglyne. Vir ouers kan dit dien as toerusting vir hierdie groot verantwoordelikheid wat die Hemelse Vader aan hulle toevertrou het toe Hy ŉ klein babadogtertjie aan hulle geskenk het.

Enkele belangrike bronne waarop daar in besonder gefokus gaan word, is onder andere die volgende:


- Brizendine, L. 2007. *The female brain.* London: Bantam Books.
- Dobson, J. 2010. *Bringing up girls*. Carol Stream, Ill: Tyndale House Publishers.
- Meeger, M. 2017. *Strong fathers, strong daughters: 10 secrets every father should know.* Washinton, D.C.: Regnery.
- Watson, M. 2014. *Dad, here’s what I really need from you*. Eugene, OR: Harvest House Publishers.

**Kursus oop vir almal**

**Datum:** Dinsdag 15 April 2025.

**Tyd:** 09.00 – 13.00

**Akkreditering:** 5x VBO punte – 5x CPSC punte – 5x AFM PCD punte

**Koste:** R275 pp

**Handboek te koop (opsioneel):** R250 (plus R120 koerier koste)

**Navrae:** 0836600409 of e-pos: wentzelc@gmail.com

**Volg die kursus op ’n later datum:**

Persone wat nie die betrokke oggend die kursus kan bywoon nie, kan nogtans registreer en dan agterna ’n skakel ontvang om op enige later datum weer die kursus te kan volg.

**Om te bespreek vir die kursus:** U kan op die volgende skakel klik vir registrasie:

https://forms.gle/eNbA6eGLsYe6Lmgt9